# 'N TENTATIEWE KERNWOORDESKAT IN AFRIKAANS

Deur

A. S. V. BARNES, M.A., D.Ed.

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK
Bloemfontein Kaapstad Johannesburg

# VOORWOORD

Hierdie boek vorm deel van my doktorale proefskrif, „'n Frekwensielys in Afrikaans (A-taal) vir Laerskole met die oog op die Taalonderwys". Omdat die frekwensiebeginsel t.o.v. taalonderrig in die jongste jare soveel aandag geniet en, opvoedkundig gesproke, beslis baie waardevol is, het ek gevoel dat dit wenslik is om die uitkomste van hierdie ondersoek in wyer kring bekend te stel. Daardeur kan belangstelling gewek word en vorsers aangemoedig word om uitgebreider en betroubaarder lyste saam te stel.

Hierdie geleentheid wil ek ook te baat neem om 'n woordjie van dank en waardering te rig aan my promotor, prof. dr. J. Chr. Coetzee, van die Universiteit van Potchefstroom vir sy aanmoediging, leiding en hulp.

# INHOUDSOPGAWE


INLEIDING . . . . . 7

HOOFSTUK I: STUDIES OOR WOORDESKATLYSTE.

1. Ontstaan van die lyste . . . . . 1
2. Algemene doel van die woordelyste . . . . . 5
3. Lyste in verskillende tale (sedert 1920):
   (*a*) Engels . . . . . 8
   (*b*) Duits . . . . . 19
   (*c*) Spaans . . . . . 20
   (*d*) Frans . . . . . 20
   (*e*) Italiaans . . . . . 21
   (*f*) Afrikaans . . . . . 21
4. Lyste vir verskillende vakke . . . . . 22
5. Opsomming van lystipes . . . . . 23
6. Kritiese beskouings oor die nut en waarde van frekwensielyste, kernwoordeskatte e.a. woordelyste:
   (*a*) Die voor . . . . . 24
   (*b*) Die teen . . . . . 28

HOOFSTUK II: PROSEDURE EN TEGNIEK.

1. Begripsbepaling:
   (*a*) Wat is 'n woord? . . . . . 30
   (*b*) Watter woordkategorieë bestaan daar? . . . . . 31
   (*c*) Wat is woordeskat? . . . . . 32
   (*d*) Frekwensie(syfer) of (verskynings)krediet . . . . . 33
2. Prosedure en tegniek:
   (*a*) Stof . . . . . 34
   (*b*) Vasstelling van nuwe woorde (die woordeskat) . . . . . 34
   (*c*) Vasstelling van die frekwensielys . . . . . 36

HOOFSTUK III: 'N TENTATIEWE KERNWOORDESKAT

HOOFSTUK IV: ALFABETIESE RANGSKIKKING VAN DIE KERNWOORDESKAT . . . . . 71

HOOFSTUK V: BESLUIT.

1. Vasstelling van die kernwoordeskat . . . . . 93
2. Grootte van die woordeskat . . . . . 93
3. Betroubaarheid van die telling . . . . . 95
4. Woordfrekwensie in Afrikaans . . . . . 95
5. Aanwending van die lys . . . . . 97
6. Aanverwante ondersoeke . . . . . 98
7. Varia . . . . . 100

BYLAE A. Orige Woorde (Frekwensies 5 — 24) . . . . . 101

BYLAE B. Enkele voorbeelde van onopgetekende samestellinge en afleidinge . . . . . 152

# INLEIDING

Veral sedert 1908 het daar in Amerika groot belangstelling in woordtellings en frekwensielyste ontstaan. Hierdie land het die voortou geneem in 'n poging, aanvanklik, om die samestelling van leesboekies en spellyste op 'n objektiewe grondslag te plaas en om 'n objektiewe maatstaf te vind om die geskiktheid van handboeke op die proef te stel.

Dosente van Engels in vreemde lande (b.v. Faucett, Palmer en West) het enkele jare later die nut en waarde van sulke tellings besef en gebruik begin maak van frekwensielyste (benewens ander middele) om 'n kernwoordeskat (ook genoem 'n „mikrokosmos" of „eiland-woordeskat") vir vreemde-taalonderrig vas te stel. Hul doel was om uit te gaan van die meesgebruikte en bruikbaarste taalmateriaal en dan geleidelik die woordeskat verder uit te brei.

Ten opsigte van Afrikaans is hier te lande nog heel weinig in hierdie verband gedoen. Ek het my desweë genoop gevoel om iets in hierdie rigting aan te durf, met die vertroue dat die aangegewe lyste, in hoe geringe mate ook al, daartoe sal bydra om die taalonderwys op die laerskool te bevorder.

Enkele vorsers het reeds die woordeskatte van kinders op verskillende leeftye bepaal,[1]) en Aucamp[2]) het 'n grondwoordeskat van die 1,000 meesgebruikte woorde saamgestel; maar laasgenoemde lys is ontoereikend vir skoolgebruik, hoofsaaklik omdat dit te beperk is en omdat die onderskeiding t.o.v. die woordvorme (insluitende funksie en betekenis) onvoldoende is. Trouens, dit was die bevordering van die stenografie in Afrikaans wat by hom hoofsaak was en nie die taalonderrig nie.

Die doel van hierdie ondersoek is dan om, heel tentatief, 'n kernwoordeskat (algemene lys) vir die laerskool vas te stel. Die gebruik van so 'n lys beteken nie dat die taalonderwys aan bande gelê of gekanaliseer word nie; inteendeel, dit is slegs rigtingduidend. Die onderwyser moet nie voel dat hy beperk, gereglementeer of gekniehalter word nie, want die lys wil alleen

---

[1] (1) Stander: 'n Vergelykende studie oor die Afrikaanse en Engelse woordeskatte van 1,163 leerlinge op enkele Suid-Afrikaanse skole.
(2) Steyn: Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders.

[2] Aucamp: Woordeskat en Woordeherhaling.

'n basiese woordeskat aandui (vir beide tweede- en moedertaal-onderwys) waarop die dosent na gelang van plaaslike behoeftes en omstandighede kan voortbou. Daarbenewens moet 'n algemene lys soos dié uitgebrei word met kernwoordeskatte t.o.v. al die ander skoolvakke. Wat hier aangebied word, is ook geen optimum woordeskat nie, want as gevolg van omgewings- en intelligensie-verskille kan 'n gestandaardiseerde woordeskat maar slegs by benadering vasgestel word.

Die st. VI-leering verlaat die skool wanneer hy gemiddeld 14.2[3]) jaar oud is, en dan is die grootte van sy woordeskat om en by 7,500 woorde.[4]) Hierdie lys bevat 3,130 woorde (met frekwensies bo 24), maar die betroubaarheid daarvan kan slegs deur uitgebreider ondersoeke vasgestel word.

Carter Good[5]) skryf: „The results of early word counts by Rinsland and his students of the original writings of children have led him to conclude that there is little relation between the frequency of use by children and by adults." Om hierdie rede het ek my by die keuse van die ontledingstof tot leesboekies beperk, omdat hierdie boeke spesiaal vir die laerskool saamgestel is en dus die naaste aan die kinderwoordeskat verwant is. Trouens, al sou vorsers eindelik daarin slaag om die gesproke taal van die kind op te teken — want tot nog toe ontbreek 'n betroubare tegniek vir hierdie doel — sou dit nietemin onwenslik wees. Die gesproke (en geskrewe) taal van die gemiddelde kind op die laerskool is so gebrekkig, soos Fife[6]) tereg opmerk, dat drukwerk, taalkundig gesproke, die suiwerste stof aanbied.

---

[3] Syfers verstrek deur verskeie Vrystaatse en Transvaalse skole.
[4] Vir veertienjarige kinders word die volgende syfers aangegee: Stander: 7,314 (op cit., 33); Steyn: 7,950 (op cit., 144). Vir Engels met sy groter woordeskat is die syfers hoër, b.v. Terman: 9,000 (The Measurement of Intelligence, 310); Works Progress Administration: 11,294 (J.E.R., Deel 32, 158); Kirkpatrick: 10,660 (cf. West, Bilingualism).
[5] Research News and Communications, J.E.R., Deel 32, 158.
[6] Summary of Reports on the Modern Foreign Languages, 196.